# SKOOLDRAGBELEID

SOOS HERSIEN IN JANUARIE 2025

# SKOOLDRAGBELEID

Daar word van ouers verwag om die voorgeskrewe skooldrag te koop. Dit bring eenvormigheid mee wat absoluut noodsaaklik is vir dissipline in die skool. Die skooldrag is by die skool beskikbaar.

Nuwelinge kry ‘n kwartaal geleentheid om skooldrag aan te skaf. Gereelde skooldraginspeksies sal gehou word om te verseker dat die leerders die korrekte skooldrag dra. Somer- en winterdrag mag nie gemeng word nie.

## DOGTERS

### A Somerdrag vir dogters graad 8 – 12 (1 September tot 30 April)

1. Slegs swart skoolromp: Lospassende A-lyn, lengte tot op die knie. Matrieks dra potloodromp op knie met 8cm spleet weerskante.
2. Geen langbroeke.
3. Swart skoolskoene: Plat swart skoolskoene met ‘n bandjie oor die voet of wat toeryg met ‘n skoenveter word die hele jaar gedra. Skoenveters of bandjies moet vasgemaak wees.
4. Kouse/Sokkies: Wit sokkies sonder strepe, grafika of logos, omgevou tot twee vingers bo die enkel. Matrieks dra “secret socks”
5. Hemde: Mag nie uithang nie.
6. Onderklere: Mag nie deurskyn nie. Wit of vleeskleurig.

- Maroen skooltrui mag gedra word sonder ‘n skooldas.
- “Pull-over” van die skool mag gedra word gedurende die somer en winter.

**B Winterdrag vir dogters graad 8 – 12 (1 Mei tot 30 Augustus)**

1. Swart snyersbroek (**nie noupassend nie**) van “gabardine” (Tetrex) of soortgelyke linne.
2. Swart skoolsokkies sonder strepe, grafika of logos.
3. Wit boordjiehemp.
4. Skooldas.
5. Maroen skooltrui.
6. Skoolbaadjie (**Verpligtend)**
7. Swart skoolskoene

- Skooltruie mag nie onnodig los sit of te groot gekoop word nie.

- Die moue van truie, hemde en baadjies mag nie oor die hande hang nie **en ook nie opgeskuif word na die elmboë nie.**
- Kleurbaadjies mag die hele jaar gedra word, maar nooit sonder ‘n das nie.
- “Pull-over” van die skool mag gedra word gedurende die somer en winter.
- Geen sweetpakbaadjies mag by skooldrag gedra word nie.
- Geen ander kleure truie of baadjies word toegelaat nie.
- Swart serp vorm deel van die wintersdrag.
- Swart lang kouse **(“tights”)** mag ook by die wintersdrag gedra word.
- **“Blackmail” – sykouse word slegs as uitgaandrag of tydens die prysuitdelingsfunksie gedra.**
- T-hemde mag nie onder hemde vertoon nie.
- Hemde mag nie uithang nie.

**C Sportdrag vir dogters:**

1. **Volledige** skoolsweetpak.
2. Atletiek: Skoolsweetpak en amptelike drag soos by skool beskikbaar. Slegs die HSH-maroen sportbroekie (nie swart nie) mag by die skool se sporthemp gedra word.
3. Netbal: Behalwe vir die eerste span – alle ander spanne dra maroen netbalromp en sporthemp.
4. Tennis: Tennisromp met die skool se sporthemp.
5. Hokkie: Maroen hokkieromp met die skool se sporthemp en geel en maroen kouse.

- Die skoolsweetpak vorm nie deel van die skooldrag nie en mag dus nie tydens skooltyd as skooldrag gedra word nie.
- **Die sweetpakbaadjie of –broek mag nie afsonderlik saam met die skooldrag gedra word nie**.
- **Tydens dae waarop daar ‘n sportdag is, word die leerders toegelaat om hul sweetpak en die skool se amptelike sporthemp aan te trek.**
- **Sport**tekkies by sweetpak is verpligtend. (**nie “sneakers” of plakkies nie**)

**D Hare**

Hare moet netjies en skoon wees. Moenie ‘n styl kies wat in stryd is met die volgende reëls nie:

- Lang hare wat gevleg is of in poniesterte vasgemaak is mag nie slegs op die punte vasgevleg of vasgemaak word nie maar moet teen die kop vasgemaak word.
- Hare moet natuurlik vertoon en geen jel sal toegelaat word nie.
- Die kuif moet netjies kort wees of met knippies vas gesteek word uit die oë as dit langer gedra word. Die kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie.

- **Hare mag onder geen omstandighede gekleur word nie.**
- As die langerige “bob” styl gedra word, moet die voorste punte vasgesteek word sodat dit nie in die oë hang nie.
- Geen uitspattige haarapparate mag gebruik word nie - **slegs maroen en swart haarapparate is toelaatbaar**.
- As hare/verlengstukke aan onderste punt van die kraag raak, moet hare vasgemaak word.
- Geen uitspattige haarstyle word toegelaat nie.
- Hare mag nie uitermatig van kop af wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat.
- Kopbande (wit, swart of maroen) is toelaatbaar.

**E Naels**

Naels moet skoon, netjies en kort gedra word.

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Slegs kleurlose naellak en versterker wat nie blink nie mag gebruik word.
- Geen vals naels word toegelaat nie.

**F Grimering**

Geen grimering mag gedra word nie.

- Skriftelike toestemming moet by die kantoor verkry word indien enige onderlaag om mediese redes gedra moet word, bv. Aknee merke te verberg.

**G Juwele**

Geen juwele mag saam met skoolklere gedra word nie.

- Klein ronde silwer of goue balletjies of dun ringetjies mag in die onderste oorgaatjies gedra word.
- Geen tong of neus “studs”, arm of enkelkettinkies mag gedra word nie.
- **Standaard-horlosies** mag gedra word, **maar geen versierings mag aan bandjies geheg word nie**.
- Mediese bandjies of hangertjies asook die skool se waardebandjie mag gedra word.
- Slegs die amptelike lapelwapentjies van die skool asook bloedskenk en ATKV wapentjies mag gedra word. Geen ander lapelwapentjies word toegelaat nie.

**H Tatoeëermerke**

**Geen sigbare tatoeëermerke mag op die liggaam aangebring word nie. Enige bestaande tatoeëermerke moet tydens skoolure en skoolaktiwiteite bedek wees.**

**I Skooltasse**

Slegs skooltasse met harde wande word toegelaat.

- Die rugsaktipe tas is aanvaarbaar as dit met harde wande toegerus is.
- Die tas moet verkieslik stewig, met afskortings en standaardgrootte wees.
- Tasse moet voldoende ruimte bied sodat handboeke en skrifte soos benodig gerieflik ingepak kan word en ook voldoende beskerming ontvang.
- Die tas moet ook netjies wees en mag nie afbreuk doen aan ‘n leerder se voorkoms nie.
- Handtassies kleiner as genoemde afmetings sal slegs gedurende die eksamen toegelaat word.
- Geen vloekwoorde en onwelvoeglike plakkers of skrywe word op tasse toegelaat nie.

**J Merk van klere en eiendom**

- Kledingstukke moet duidelik gemerk wees ingeval dit verlore sou raak.
- Alle ander eiendom moet verkieslik ook gemerk wees.

**K Amptelike verskaffers**

- Die skool se amptelike skooldragverskaffer is die klerewinkel by die skool.

## SEUNS

**A Somerdrag vir seuns graad 8 – 12 (1 September tot 30 April)**

1. Broek: Grys kortbroek of swart langbroek.
2. Hemp: Wit kortmou hemp. (Das opsioneel)
- Hemde mag nie uithang nie.
3. Kouse: Grys skoolkouse saam met die grys kortbroek. Swart kouse moet saam met ‘n langbroek gedra word.
4. ‘n Swart gordel met ‘n nie-dekoratiewe gespe moet gedra word.
5. Skoene: Die voorgeskrewe skoolskoen is swart met ‘n gespe of met veters wat toeryg, waarvan die hak nie dikker is as 3 cm nie.
- Geen steweltipe **of skerppuntskoen** mag gedra word nie.
- Geen gekleurde skoenveters mag gedra word nie.

**B Winterdrag vir seuns graad 8 – 12 (1 Mei tot 30 Augustus)**

1. Swart langbroeke en wit hemde word gedra met die amptelike skooldas.
2. Kouse soos voorgeskryf vir die somer : swart kouse.
3. Skoolbaadjie en das verpligtend.
4. Skooltruie mag gedra word.
5. ‘n Swart gordel met ‘n nie-dekoratiewe gespe moet gedra word.

- Geen vreemde of anderskleurige baadjies mag gedra word nie.
- Truie se moue mag nie **opgeskuif word na die elmboë nie** .
- Die moue van truie, hemde en baadjies mag nie oor die hande hang nie.
- Kleurbaadjies mag die hele jaar gedra word, maar nooit sonder ‘n das nie.
- Die kleurbaadjie mag net saam met skoolklere gedra word.
- Geen sweetpakbaadjies mag by skooldrag gedra word nie.
- Geen ander kleure truie of baadjies word toegelaat nie.
- Swart serpe mag deel van die wintersdrag vorm.
- Swart *beenie* mag deel van die wintersdrag vorm.

**C Sportdrag:**

1. Skoolsweetpak.
2. Atletiek: Skoolsweetpak en amptelike drag soos by die skool beskikbaar. Slegs die HSH-maroen sportbroekie mag by die sporthempie gedra word.
3. Rugby: Wit rugbybroek met geel en maroen kouse. Truie soos deur borge verskaf.
4. Tennis: Maroen broek met die skool se sporthemp.
5. Krieket: Wit langbroek met die skool se sporthemp.

- Die skoolsweetpak vorm nie deel van die skooldrag nie en mag dus nie tydens skooltyd as skooldrag gedra word nie.
- **Die sweetpakbaadjie of –broek mag nie afsonderlik saam met die skooldrag gedra word nie**.
- **Tydens dae waarop daar ‘n sportdag is, word die leerders toegelaat om hul sweetpak en die skool se amptelike sporthemp aan te trek.**
- **Sport**tekkies by sweetpak is verpligtend. (**nie “sneakers” of plakkies nie**)

**D Hare**

Hare moet netjies en skoon gedra word. Moenie ‘n styl kies wat in stryd is met een van die volgende reëls nie:

- Hare mag nie oor die kraag hang as die kop in ‘n regop houding is nie.

- Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak as dit vorentoe gekam is nie.
- Langs die slape mag die hare nie langer as die middel van die oor gedra word nie.
- Geen dun stertjies mag gedra word nie.
- Geen “steps” word in hare toegelaat nie.
- Hare moet natuurlik vertoon.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Hare mag nie gebleik of gekleur word nie.  Indien dit wel sou gebeur, sal van die leerder verwag word dit af te skeer of uit te sny soos dit uitgroei.
- Hare moet skoon geknip wees direk om die ore.
- Dit mag nie die ore raak wanneer die hare regaf gekam word nie.
- Die nek moet skoon geknip wees volgens die haarlyn.
- Hare mag nie uitermatig van kop af wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat.
- Hare mag nêrens toiingrig, punterig of in slierte hang nie.

**E Juwele**

Seuns mag nie juwele dra nie.

- Horlosies mag gedra word.
- Geen tong of neus “studs”, arm- of enkelkettinkies mag gedra word nie.
- Mediese bandjies of hangertjies asook die skool se waardebandjie mag gedra word.
- Slegs die amptelike lapelwapentjies van die skool asook bloedskenk en ATKV wapentjies mag gedra word. Geen ander lapelwapentjies word toegelaat nie.

**F Baard**

Geen stoppelbaard, wolwange of snorre word toegelaat nie. Indien ‘n seun ‘n probleemvel het, moet ‘n mediese brief ingehandig word indien hy nie gereeld kan skeer nie.

**G Naels**

Naels moet altyd skoon, netjies en kort geknip wees.

- Geen naellak mag gedra word nie.

**H Tatoeëermerke**

**Geen sigbare tatoeëermerke mag op die liggaam aangebring word nie. Enige bestaande tatoeëermerke moet tydens skoolure en skoolaktiwiteite bedek wees.**

**I Skooltasse**

Slegs skooltasse met harde wande word toegelaat.

- Die rugsaktipe tas is aanvaarbaar as dit met harde wande toegerus is.
- Die tas moet verkieslik stewig, met afskortings en standaardgrootte wees.
- Tasse moet voldoende ruimte bied sodat handboeke en skrifte soos benodig gerieflik ingepak kan word en ook voldoende beskerming ontvang.
- Die tas moet ook netjies wees en mag nie afbreuk doen aan 'n leerder se voorkoms nie.
- Geen onwelvoeglike plakkers of skrywe word op tasse toegelaat nie.

**J Merk van klere en eiendom**

- Kledingstukke moet duidelik gemerk wees ingeval dit sou verlore raak.
- Alle ander eiendom moet verkieslik ook gemerk wees.

**K Amptelike verskaffers**

Die skool se amptelike skooldragverskaffer is die klerewinkel by die skool.

**L "Civvie" dae / Gewone Klere**

- Meisies:
  - Slegs ligte grimering.
  - Geen sjoebroekies, spaghetti-bandjie toppies of mini-rompies/rokkies nie.
  - Geen oop mae of lae halse nie.

- Seuns: geen oorbelle/ringe nie.

- Algemeen:

  - Geen onwelvoeglike prente, vloekwoorde of slagspreuke mag op klere vertoon word nie.
  - Hare moet steeds netjies wees.
  - Geen tattoeërmerke mag sigbaar wees nie.

## Algemeen

1. Leerders mag op Vrydae baadjies van provinsiale sportsoorte wat hulle verwerf het dra.
2. Geen onvolledige provinsiale sweetpakke word vir die doel soos in punt 1 gedra nie.
3. **Skoolsweetpakke** word **met vergunning** tydens die volgende geleenthede gedra:
   a. Wanneer leerders tydens skoolure moet onttrek om aan sportaktiwiteite deel te neem;
   b. gedurende die **Junie-eksamen**;
   c. wanneer leerders LO-prakties (tydens 'n skooldag) doen.

   Skoolsweetpakke moet met tekkies tydens die bg. vergunnings gedra word.

**S. PRETORIUS**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**

**25/01/2025**
**DATUM**

# OORTREDING VAN KLEREDRAGREËLS

| **OORTREDING** | **STRAF** |
|---|---|
| Foutiewe kleredrag | 1 plakker per oortreding |
| Foutiewe oorbelle / bandjies / juwele | 1 plakker en oorbelle word onmiddellik ingeneem en tot die einde van die kwartaal in die kluis gebêre. |
| Dogters: hare kleur | 5 detensies en hare groei uit.<br>In die geval van 'n kleurshampoo sal ten minste een detensies gesit word. Leerder sal egter aanhou detensie sit totdat die kleursel uitgewas is.<br>Indien 'n dogter haar hare wil regkleur, moet dit eers met die skool bespreek word. |
| Seuns: hare kleur | 1 detensie en hare word afgeskeer.<br>5 detensies en hare groei uit. |
| Uitspattige haarstyle | 1 detensie<br>Hare moet onmiddellik reggestel word. |